## MICHAEL LINDT KONSERT

Ons het die wonderlike geleentheid gekry om 'n sangaand met die bekende Michael Lindt te kon reël. Dit sal DV op 27 Mei plaasvind en hy gaan by hierdie geleentheid sy nuwe CD bekendstel. Dit vervang die HAP-EN-KRAP van 6 Mei. Ons volgende HAP-EN-KRAP is DV op 24 Junie. Meer inligting volgende week.




Situasie in SA. Op ons gemeente se webblad is twee insiggewende artikels van ons sinode oor die huidige staatkundige krisis in SA en die NG se betrokkenheid by die politieke landskap. Gaan na www.suidkerkmsb.co.za en kliek op *Nuusbriewe*.



Ons eer God met liefdevolle omsien en uitreik

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 23 April 2017**

*Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo." Johannes 20: 29*

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Kinderkerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie 10:00 in die kerk se konsistorie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Danie).
*Geen kinderkerk en kategese a.g.v. langnaweek vir skole.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Studente-bearbeiding.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

### BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir MES Kaapstad was R2 500-65.

**KOSKAS:** APRIL is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**KRUISPA✞:** Vanaand vir Hoërskool-jeug van 18:00-20:00 in die saal. Kom kuier saam en gesels oor dinge wat saak maak.

**NUWE LIDMATE:** Marti du Plessis Proteahof vanaf Danabaai; Chené du Plessis (doop) vanaf Danabaai; Susanna P Booysen Village-on-Sea vanaf Hugenoot Bloemfontein. Hartlik welkom!

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word genooi om na die erediens die dominee te kom ontmoet.

**HELP ASB:** Na dienste is daar ander persone wat met die dominee wil gesels. Ons wil graag 'n bediening begin van lidmate wat Sondae na die diens nuwe intrekkers kan ontmoet en saamnooi vir 'n tee of koffie in die saal. Is dit een van u passies? Gee u naam by een van die dominees asb.


**VLEESBAAI BASAAR:** Die basaar het R156 919 ingesamel. Baie dankie!

***TE KOOP BY DIE KERKKANTOOR VIR MALAWI UITREIK:***

Geskilde perskes:
R85 p/kg
R45 p/500g



Ongeskilde perskes:
R65 p/kg
R35 p/kg



Pruime/Pere:
R65 p/kg
R35 p/500g

*Rosyntjies sal binnekort beskikbaar wees. Vrugte verkope vorder fluks. Indien jul nie tydens kantoorure kan koop nie, kan ds Robert by 044-691 2244 geskakel word.*

**HULP BENODIG:** Ons benodig lidmate wat bereid is om Sondae (volgens 'n rooster) met die bediening van tee of koffie in die saal te help. Is dit een van u passies? Gee u naam by een van die dominees asb.

**DRINGENDE VERSOEK—MALAWI UITREIK:**
Ons kort baie dringend nog iemand wat met hul voertuig sal saamgaan na Malawi. Daar is geen koste vir die persoon wie se voertuig dit is nie. Hoef nie 4x4 te wees nie, net goeie grondvryhoogte. Een of twee persone kan saam met die voertuig gaan. Skakel asb vir Robert by 044-6912244.



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir April: Huwelike*

***"Dis nie goed dat die mens alleen is nie ...." Gen 2:18***

**Hierdie week se DANKSEGGING:**
* Loof die Here vir voorreg van lewensmaats (ander-helftes of beter-helftes).
* Vir mense wat deur die gebeure in die land na die Here begin terugdraai.
* Mense wat oor grense verenig in gebed vir ons land en die wêreld.
* Die kinderkerk se insette in die lewens van ons kinders.

**Hierdie week se SMEKING:**
* Vir mense wat hulle lewensmaat verloor het (egskeiding, die dood, altsheimers).
* "Christen-ateïste" is mense wat sê hulle glo in God, maar leef asof Hy nie bestaan nie. Bid vir mense wat dink dat hulle gered is bloot omdat hulle kerk toe gaan. Bid dat hulle 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus Christus sal hê.
* Reën vir die Wes-, Noord- en Oos-Kaap.
* Genesing vir ons land - rassisme, ekonomie, onsekerhede, onderlinge verdeeldheid, korrupsie. Bid vir die Mighty Men byeenkoms 28-30 April in Middelburg.
* 4,4 miljoen Suid-Afrikaanse huishousings (28% van alle huishoudings) het 'n per capita inkomste van minder as R40 per dag. Bid dat die heel armstes, wat nie basiese lewensmiddele het nie, hulp en verligting sal vind.
* Die naweek van 22-23 April 2017 is die 27ste jaarlikse se *Worldwide Weekend of Prayer and Fasting* (tov dwelms).




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
*Mercia van Deventer Santos Haven, Edwin du Toit Tienie Bothastr, Pam Strydom Santos Haven, Anna Vaughan Santos Haven ALQ, Sarie Verwey Barlowstr, Magriet de Villiers voorheen van Vleesbaai.*
**STERFTES:** August Basson Santos Haven (eggenoot van Anna), ma van Rouxwy van Wyk 10de Laan, Daan Thomas Maroelastr (eggenoot van Willa), Andrew Rheeder Santos Haven (oudste lidmaat en eggenoot van Trudie), Paul Brown Da Gamastr,Maquarita Watson.